Gebed en Lofprys

EGIPTE: CHRISTEN BYEENKOMSTE GAAN VOORT

Honderde Egiptiese Christene was onlangs byeen vir aanbiddingsbyeenkomste in Egipte, binne 24 km van die plek naby Maghagha, Minya waar terroriste 28 gelowiges in Mei vermoor het.

Drie groot konferensies is gehou in die plofbare Minya streek. **Wys My U Heerlikheid II** konferensie het 17 Evangeliese kerkgenootskappe van Egipte verenig. Twee **Dae van Oes** konferensies**,** gereël deur Kasr El Dobara Kerk in Kaïro is gehou by Etsa en Maghagha.

Drie groot byeenkomste is gehou in Wadi Natroun: Die **Een Ding** gebedsbyeenkoms en **Maak Regte Somme,** `n familie getuienisbyeenkoms, is bygewoon deur duisende gelowiges, terwyl die **Bevryding** byeenkoms verskillende gemeentes betrek het.

Busse wat die feesgangers vervoer het, het verskillende roetes na hul bestemmings gevolg en reëlings is getref met Egipte se veiligheidsmagte. Nietemin het die Egiptiese Christene hul geloofsdiepte en verset teen vrees getoon met hul gewilligheid om te reis ná `n vlaag van aanvalle in 2017.

SAT-7 ARABIES het hierdie feeste deur middel van regstreekse uitsendings op sosiale media en *YouTube* toeganklik gemaak vir kykers dwarsoor die Arabiese wêreld.

Die kykers het hul waardering getoon: “God seën julle almal!” en “Mag God elke lid van die komende geslag aanraak!” Iemand uit Oman skryf: “My geliefde SAT-7 span, dankie dat julle die boodskap van verlossing aan miljoene mense bring, veral aan hulle wat dit net op TV kan volg. Ek kyk 15 jaar reeds gereeld na SAT-7. Ek kan my interaksie met die konferensies oor die TV nie in woorde beskryf nie!”

Tydens Dr Zaki se boodskap by een van die byeenkomste het hy die mense van Egipte bemoedig: “Ons land het baie martelare verloor. Maar moenie dink Jesus reageer nie op die storms wat ons tref nie. Ons moet die uitdagings hanteer soos Jesus dit sou doen – nie ander blameer of ons eie mag misbruik nie. God het die mag om die storm stil te maak!”

- Dank God vir die uithouvermoë en geloof wat Hy die Christene in Egipte gee. Bid asb vir hul veiligheid.
- Dank God vir wat Hy in Egipte doen - dat Hy gelowiges verenig en `n soeke na Hom in mense opwek

Gebeds † Nuus

November 2017

MAAK HOOP SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 72646
Lynnwoodrif, PRETORIA 0040
southafrica@sat7.org
+27(12)807 2763
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2017 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org

Gebed en Lofprys

GEMEENSKAP ROU OOR DOOD VAN PRIESTER

Nog `n onlangse aanval op die Koptiese Gemeenskap in Egipte het Christene en nie-Christene geskok.

Vader Samaan van Beni Suef in Bo-Egipte was op `n pastorale besoek in Kaïro. Op 12 Oktober, op pad terug kerk toe ná `n besoek aan `n gesin, is hy agtervolg en wreedaardig met `n mes doodgesteek.

Op die SAT-7 ARABIES program, *Hou aan Sing*, is meegevoel betuig met die familie van Samaan. Die span het hulle aan God opgedra en Hom gevra om hul te vul met Sy troos en vrede. Sanger en koorleier, Samuel Farouk het Samaan persoonlik geken en getuig:

“Hy het die liefde en nederigheid van Jesus Christus gehad. Ek dank die Here dat Hy my toegelaat het om Vader Samaan te ontmoet en tyd met hom deur te bring. Die liefde van Jesus was op `n wonderlik manier in hom sigbaar.”

Farouk het vir die oorledene se gesin gebid: “Ons bid dat Hemelse troos die huis van Vader Samaan sal vul. Gee genade en vrede vir sy gesin en vir die Kerk wat in rou is.”

Tydens `n SAT-7 ARABIES uitsending van `n kerkbyeenkoms in Heliopolis was daar ook tyd vir oordenking. Dr Farid Zaky het opgemerk dat baie mense deur hierdie insident geraak is, net soos die vorige aanvalle op die Christen-gemeenskap in Egipte. “Hierdie moord laat sonder twyfel baie mense in smart, skok en woede,” het hy gesê. “Jesus het ons geleer dat Sy woorde in die harte van Sy volgelinge leef, en ons sal aanhou bid selfs vir hulle wat ons haat.”

- Bid asb saam met SAT-7 vir Vader Samaan se familie en vir die Christen gemeenskap in Egipte.
- Meer as 100 Koptiese Christene is hierdie jaar vermoor, insluitende die moord op Samaan. Bid asb vir beskerming en vrede vir die Koptiese gelowiges.
- Loof God vir die Egiptiese Christene se getuienis van liefde en vergifnis. Vra dat hierdie getuienis baie mense sal lei tot `n nuwe lewe in Christus.
- Bid vir krag en effektiewe getuienis vir die gelowiges.

ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers terwyl jy hul boodskappe lees:

Van `n kyker in Afghanistan: "Ons wil ons vriende van Jesus en jul programme vertel. Bid dat ons God se liefde duidelik sal oordra en met ander gelowiges kontak maak."
Van `n kyker in Iran: "Dank God vir jul *Telegram* forum. Nadat ons kerk gesluit is, is ons enigste gemeenskap met gelowiges deur julle. My suster is nou in Griekeland en gebruik steeds *Telegram*."
Van `n kyker in Oman: "Dankie vir die uitsaai van belangrike geleenthede ... (soos die *One Thing* konferensie). God was teenwoordig en het die gelowiges en kerke nuwe krag gegee. Loof God!"
**Van `n kyker in Turkye:** "Sedert ek Jesus `n paar maande gelede leer ken het, het ek `n toekoms-verwagting. Dank die Here dat Hy my help groei en dat ek Hom beter kan leer ken deur jul programme."
Van `n kyker in Duitsland: "Ek het onder vervolging geleef en moes my geloof geheim hou. Nou is ek in Duitsland en jul programme is steeds vir my tot seën."
**Van `n kyker in Sirië:** "Bid dat ek `n Bybel kan kry sodat ek alles van Jesus kan leer. Ek glo Hy kan lig bring in hierdie donker dae."
**Van `n kyker in Iran:** "Ek het probeer om `n kerk te besoek maar dis verbode vir mense van nie-Christen agtergrond om in kerke te kom. Ek het na ander byeenkomste gegaan maar arrestasies het dit beëindig. Dank God dat ek na jul programme kan kyk op my foon en die boeke kan lees wat julle na my foon gestuur het."

"GOD IS ELKE OOMBLIK BY ONS"

Shamiram, `n Siriese vlugteling, deel haar getuienis met SAT-7. Haar gesin het skrikwekkende dinge gesien, tye van armoede beleef, en gevegte in Aleppo, Sirië, oorleef. Tog het Shamiram haar geloof behou.

Voor die oorlog was alles normaal. En selfs ná die oorlog uitgebreek het, het die lewe gewoon aangegaan. "Ons het `n normale lewe in Aleppo geleef, ten spyte van die oorlog." Tot die gevegte Shamiram en haar gesin bereik het ...

"Dit was erger as in fiksie-verhale ..." sê Shamiram sagweg tydens `n episode van *Nuwe Eva.* SAT-7 en Square One World Media werk saam aan hierdie programreeks wat vroue wil help om hoop te herwin deur persoonlike getuienisse soos dié van Shamiram. Deur die oorlog se uitwerking op haar lewe met kykers te deel, hoop sy vroue in die Midde-Ooste vind ook hoop, ten spyte van hul hopelose omstandighede.

OM HOOP TE VIND

"Toe bereik die oorlog ons gebied en ons sien verskriklike dinge, erger as wat ons op TV of in films sien." Dit was asof hulle wetenskapsfiksie in hul agterplaas sien afspeel. Gevegte, brutale moord, dreigemente van marteling – of erger – het geweldige spanning veroorsaak, so erg dat haar man skielik in 2011 `n hartaanval gekry het. Hy is oorlede na `n koma van 20 dae.

Die gesin was finansieel van hom afhanklik, derhalwe het hul probleme vererger. Tog, sê Shamiram, was daar hoop. "God het ons gehelp." Die situasie het vererger toe haar seun en dogter nie meer kon gaan werk nie. Aanhoudende ontploffings het werk onmoontlik gemaak. Tog was daar steeds hoop. "Die Here het ons wonderbaarlik gered uit baie insidente wat vir ander `n ramp was."

"GOD IS ELKE OOMBLIK BY ONS" - *VERVOLG*

Op `n dag het die brutale en genadelose Al-Nusra Front die straat waarin Shamiram gewoon het, beset. Daar was niemand om hulle te keer terwyl hulle al nader aan haar huis kom nie. Maar daar was steeds hoop. Shamiram het aan haar geloof vasgeklou. "Ek het vrede ervaar. Ek het ontbyt gemaak en my kinders geroep om te kom eet. Hulle was verbaas. Kort daarna het die Siriese weermag ons straat binnegekom en hewige gevegte met die Al-Nusra Front militantes het tot 8:00 nm gewoed. Ons het die hele geveg aanskou. Die Here het ons gered."

GEVAARLIKE VLUG UIT SIRIË

Die situasie het vererger en Shamiram het besluit om Sirië te verlaat. Dit was `n lewensgevaarlike reis, nietemin het sy en haar kinders `n beter lewe gaan soek by familie in Egipte. "Daar was gedurig missiele, skerpskutters en gevegte langs die pad." En steeds was daar hoop. "Die Here het ons beskerm. Ek was bang, maar die hele pad in die bus het ek gebid teen hierdie bose oorlog wat woed om ons." Shamiram en haar familie het wonderbaarlik veilig in Egipte aangekom. "Die mense kan nie glo ons het veilig deur al die gevegte gekom nie!"

Shamiram en haar gesin ervaar vrede waar hulle in Egipte `n nuwe lewe begin. En deur haar gewilligheid om haar storie te deel, is daar miljoene vroue wat hoop vind ten spyte van hul omstandighede.

- Vra ons Vader om diegene in gevaar moed en krag te gee, die ontwortelde te lei, die treurendes vrede te gee en vir `n effektiewe getuienis vir almal wat ly vir hul geloof.
- Vra Sy leiding vir SAT-7 om die moedeloses te bemoedig en nuwe hoop te gee.